

1 April

Skrifgedeelte: Matteus 3:1-2; 4:12-17
Fokusgedeelte: Matteus 3:2; 4:17b

Koninkryk – deel daarvan?

Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.

Johannes se prediking, soos Matteus dit beskryf, het as inhoud iets heel anders as dit wat die volk van Israel dit wou hoor. Die volk was só seker dat God naby hulle was dat hulle nie regtig gelyk het of hulle omgee of hulle naby God leef nie. In selfvergenoegdheid het hulle daarop geroem dat hulle, as “God se volk”, reeds alles het.

Hulle moes hoor dat hulle moet terugkeer na God, want die koninkryk van die hemel het naby gekom. Die gesindheid van die volk moet verander! ’n Ander gesindheid as dié wat hulle openbaar, moet in hulle lewens sigbaar word. Hierdie ander gesindheid vra dat hulle anders gaan optree. Met hulle verstand en hart moes hulle anders word. In dit wat hulle dink, sê en doen moes die verandering sigbaar word.

Die rede: Die koninkryk van die hemel het naby gekom – Christus is gebore. Hy wat die mag van Satan gaan verbreek. Die seën – sowel as die oordeel – wat die koninkryk bring, het naby gekom. Johannes preek: “Bekeer julle ...” en die prediking is deel van ’n geweldige voorbereiding om die hoorder na Christus te dryf. Dit is die begin van evangelieprediking. Daarom moet die boodskap nou gebring word om by die hoorders ’n begeerte na die verkondiging van Christus te bring.

Jesus neem die prediking van Johannes oor, maar Jesus begin nie net preek nie. Hy borduur nie net voort op wat Johannes gesê het nie, maar met hierdie woorde begin Hy sy prediking (bediening) om ’n wêreld te roep om nie net deel van hulle “godsdienste” te wees nie, maar deel van die KONINKRYK.

Is jy deel van die koninkryk van die hemel?

Sing: Psalm 33:2 Ds. MP Fourie (Aliwal-Noord)